Johan Claassen Broers (EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD
Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Uniewinkels
die moderne
MANS-EN SPORT-UITRUSTERS

JARGANG XXIII | WOENSDAG 24 APRIL 1968 | No. 8

# DIE PUK HOU KARNAVAL!

**Dis 'n groot-gaan! Dis 'n happening! Dis 'n poging! Dis 'n karaval! Dis al! . . . (darem nie al nie, net maar die begin van die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O.**

**Vir die eerste keer word daar werklik op die P.U. 'n karnaval gehou en dit het die grootste omvang ooit. Wêreldberoemde kunstenaars vanoor die hele land is genooi om hier te kom optree en alleen hierdie aanbiedinge kos die karnavalkomitee oor die R2,000.**

Gisteraand het die Pukke al 'n voorsmaak gehad van wat die volgende paar dae op die Kampus gaan gebeur. Vanaand gaan hier weer so gemaak word.

Kom luister vanaand saam met 500,000 mense oor die hele land na Groep 2 en hulle trawante.

**SENTRALE EETSAAL**

Al hierdie aanbiedings vind in die Sentrale Eetsaal by Karlien plaas; daar is sitplek vir sowat 1,000 mense en die kwessie van „die wat agter sit kan nie sien en hoor nie" is geheel en al uitgeskakel deurdat die verhoog sentraal opgerig is en die sitplekke in 'n halwe sirkel daarom geplaas is.

Vrydagaand het ons die voorreg om die fabelagtige Drakensbergseunskoor te sien optree. Hulle vergelyk onvoorwaardelik goed met die wêreldberoemde Weense Seunskoor.

**WÊRELDREKORDS**

Verder hoor ons van Roomysstalletjies, pannekoek en koffie, melk-„boatraces", karnavalhempies, karnavalhoedjies, wêreldrekords wat geslaan gaan word (sien foto van Uitspan elders op bladsy) en sommer duisende ander dinge. Voorwaar, die Pukke eet, slaap en drink karnaval.


Die kampus lyk feestelik met al die gekleurde liggies en snaakse plakkate. Radio Biafra poog ook deurentyd om 'n karnavaalstemming aan te hits . . . werklik, alles dui daarop dat dit nie 'n groot, maar 'n groot karnaval gaan wees!

**RUMATIEK**

Dit is net jammer dat sommige van die studente hulle nie aan hierdie pogings steur nie. Dit raak hulle nie. Waarom is daar nie die volle samewerking en ondersteuning van die hele massa nie? Is sommige van ons reeds te volwasse en te besadig (pasop vir die rumatiek en die jig) om werklik net vir een maal in ons lewe studente te wees? Hoe moet daar onder hierdie omstandighede 'n goeie gesonde studente-gees geskep word?

Kom wys net eenkeer dat u ook 'n student van die Potchefstroomse Universiteit is. Saterdagaand word daar 'n arenaaanbieding op Olënpark aangebied. By die geleentheid tree onder andere op Esmé Euvrard en haar Spaanse dansgroep. Saterdagoggend is daar 'n vlotoptog deur die dorp wat ook heel interessant blyk te wees. Die beoordeling van die vlotte vind op die kampus plaas net voor die vlotte van af die Universiteitsterrein vertrek.

Die karnavalkomitee wil dit baie duidelik stel dat die hoofdoel van die karnaval nie is om 'n fantastiese wins te maak nie, maar om iets aan die studente van hierdie universiteit te gee wat hulle kan geniet en nooit sal vergeet nie!



Hard besig met voorbereidings vir die karnaval. Die fotograaf het hierdie ywerige Pukke verlede Woensdagaand betrap terwyl hulle met klaarblyklike groot ywer besig was om by Oosterhof te werk aan die vlot wat die koshuis saam met die suidelike vleuel van Over de Voor bou.

Foto: Fotokuns




Ter voorbereiding vir die karnaval het die Uitspanners hierdie poging aangewend en sowaar . . . die hele Uitspan op net een bed! Dit is opmerklik dat die wat onder lê nie meer so opgewek lyk soos die wat die boonste sporte dek nie. Wie kom hulle Vrydagoggend op die Kampus uitdaag?

# In Memoriam

Michiel Wallendorf (Wallie) Smuts is op 13 September 1945 in Johannesburg gebore. Hy was die tweede kind en die oudste seun van prof. en mev. M. W. Smuts van die Universiteitskollege van die Noorde.

Sy laerskoolopleiding ontvang hy te Derby, Potchefstroom en Sabie, terwyl hy in 1963 matrikuleer aan die Pietersburgse Hoërskool.

In 1964 doen hy militêre diens as lid van die mediese korps



in Bellville. Die volgende jaar skryf hy as voornemende medikus aan die Universiteit van Pretoria in, maar skakel in 1966 oor na 'n taalrigting. Daarvoor skryf hy in aan die P.U. vir C.H.O.

Sy belangstellings was veral in die koshuisaktiwiteite, rugby en musiek. Hy het vir Dawie Doep-Suid rugby gespeel totdat hy 'n ernstige polsbesering opgedoen het. Vanjaar het hy op die keurkomitee van sy koshuis se rugbyspan gedien. In sy koshuis was Wallie baie geliefd en gewild.

Van kindsbeen af het hy 'n besondere belangstelling en begaafdheid in musiek getoon; trouens dit was 'n kenmerk van sy hele familie. Hy was nog besig met finaal in klavier toe hy militêre diens moes gaan doen. Verlede jaar het hy lid van die P.U.-Universiteitskoor geword en in dieselfde jaar penningmeester op die bestuur. In September 1967 is hy as voorsitter van die koor verkies en was dit tot sy dood. Namens die koor was hy ook op die reëlingskomitee van die kultuursaamtrek.

Ook in kerklike lewe was hy aktief en is pas op 'n tweetal vir die diakonie van die Geref. Kerk Potchefstroom-Noord verkies.

Sy lewe was een vreugde. Nog onlangs toe 'n professor vra wanneer Vreugdedag is, was sy antwoord: „Professor elke dag is 'n vreugdedag."

In die vroeë oggendure van 16 April 1968 is Wallie op slag in 'n motorongeluk naby Hopetown oorlede. Hy het by sy nooientjie Barenda du Plessis in die Kaap gekuier en was op pad terug Universiteit toe.

Ons dink met vreugde terug aan die mooi en vrugbare lewe van Wallie Smuts.

Ben de Klerk.

# EKONOMIE - PROFESSOR BENOEM

**Die Raad van die Univversiteit het op 'n vergadering op 27 Maart die volgende benoeminge en bevorderinge bekend gemaak. Dr. W. J. Venter is vanaf 1 April 1968 tot professor in die departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis bevorder.**

Mej. E. J. Heyns is benoem as lektrise vir sang in die departement Musiek, mej. L. Viljoen as Junior Lektrise in die departement Spraakleer en Drama, Dr. J. N. Eloff as lektor in die departement Plantkunde en mnr. C. H. Boshoff as lektor in die departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis.

Mej. C. M. Malan, dosente in Liggaamlike Opvoedkunde, is van 1 Januarie 1968 deur die Direkteur van Burgerlike Beskerming vir taalf maande na die Direktoraat gesekondeer.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
DULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 888 & C
FOON 5943, 3377

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.
GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

Vir al u
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

die WAPAD

WOENSDAG 24 APRIL 1968

# Karnaval

Die Puk hou karnaval!

Vir die eerste keer in jare het Pukke weer die geleentheid om al hulle kragte in te span vir daardie een groot geleentheid in die jaar wanneer studentejoligheid en studenteoorspronklikheid tot sy hoogste vorm van uiting kom. Vir die eerste keer in jare het ons as Pukke weer die geleentheid om almal saam ons kragte in te span en as eenheid werklik iets groots aan te pak.

'n Groot gebeurtenis is dit inderdaad.

En juis om daardie rede moet dit elke Puk se persoonlike ideaal wees om van hierdie karnaval 'n manjifieke sukses te maak, want as dit die moeite werd is om iets soos hierdie karnaval aan te pak, is dit die moeite werd om dit goed aan te pak.

Maar nooit as te nimmer sal die karnaval, waarvan die eerste stadiums reeds afgeloop het, goed aangepak en afgehandel kan word, as die bedrywigheid maar beperk bly tot die karnavalkomitee en hulle helpers nie.

Hierdie onvermoeide groepie mense wat in die afgelope paar maande onselfsugtig soveel van hulle kragte aan die organisasie van die karnaval gewy het, het aan die studentegemeenskap 'n reusediens gelewer. En watter beter manier is daar om waardering daarvoor te betuig as om van alles wat hulle georganiseer het, 'n reusesukses te maak?

'n Suksesvolle karnaval is die beste medisyne vir die Pukgees wat ons kan bedink. Maar daar is voorbehoude vir 'n suksesvolle karnaval. Die eerste is dat ons die hele aangeleentheid met die nodige verantwoordelikheid sal aanpak.

Hierdie verantwoordelikheid behels dat die belange van die Puk as geheel nie ondergeskik gestel sal word aan die belange van individue of koshuise nie. Dan soek ons moeilikheid. Hierdie verantwoordelikheid behels ook dat ons die toegewings wat van owerheidsweë aan ons gemaak is, nie sal uitbuit nie.

Wat hierdie verantwoordelikheid egter bowenal behels, is dat ons aan die buitewêreld (wat vir alle praktiese doeleindes al by Meyerstraat begin), sal toon dat ons as Pukke nog in staat is om vrolik te wees, ons uit te lewe en die hele wêreld op horings te neem, sonder om ons konsiderasie vir ander mense te verloor. En hier dink ons onvermydelik aan diie mense wat ons seker altyd by ons sal hê en vir wie die kern van studentwees daarin lê om die lewe vir ander mense so onaangenaam moontlik te maak. Aan hulle sê ons: gedra julle of gaan kuier asseblief elders die naweek — die karnaval het julle nie nodig nie. (dieselfde geld vir die dissipels van Bacchus).

Karnaval '68 se organiseerders het pionierswerk gedoen. Die Pukmassa is nou in 'n uitstekende posisie om die karnaval op die Puk op 'n stewige grondslag te plaas.

Kom ons span almal saam en maak van hierdie geleentheid gebruik.

# Ons Sportmanne

Terwyl die meeste Pukke die afgelope vakansie heerlik uitgerus het, het die sportmanne van die Puk deur hulle pragtige vertonings ons universiteit se prestige op sportgebied weer een tot groot hoogtes gevoer.

Op die Wanderers in Johannesburg het vier van ons atlete elk 'n titel op die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe verower en so aan die P.U.-Atletiekklub 'n onderskeiding besorg wat hy nie eers naastenby hoef te deel met enige ander atletiekklub in die land nie — vier Suid-Afrikaanse kampioene in sy geledere! Aan Willie Coetzee, Willie van der Westhuizen, Bea Marais en Dawid Booysen sê ons: baie geluk. Die Puk is trots op julle.

In Natal het die P.U. se eerste rugbyspan nie minder goed gevaar nie deur sowel die span van die Natalse Universiteit as die van Wanderers met groot tellings te verslaan. Ook aan hulle: mooi so, en gaan so voort.

Aan die res van die Pukke: gee ons sportmanne die ondersteuning en aanmoediging wat hulle verdien en laat hulle voel dat ons agter hulle staan. Dan sal daar vanjaar sommer baie meer bekers kampus toe kom en belangrikste van alles: dan sal ons nie met lang gesigte van Bloemfontein af terugkom nie.

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# In U Lig

Om n gesprek In u Lig aan te voer sonder om in so 'n beperkte ruimte voor die probleme van eksegese of Skrifverklaring te staan te kom, sou pas in 'n rubriek soos hierdie.

Daarom kan dit nuttig wees, en stigtelik, om te besin oor resente sake waarby ons studente betrokke is — altyd gedagtig aan die woord: ,,. . . . en dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid'', waaroor ons die vorige kere reeds gedagtes neergepen het.

En terwyl die Karnaval ons voor die deur staan — sonder om hier die meriete van iets soos 'n Karnaval te bespreek — laat ons daaraan dink om trou te probeer bly aan ons oorspronklike aard: ,,na die beeld van God''. Hierin lê ons waarde, ons betekenis vir ons medemens, ons medewerking aan Gods Koninkry. Hierin vind God se genade in Christus sy weerklank. Nie dat ons ,,ouderwets'' of oordrewe ,,preuts'' behoef te word nie; nie dat ons skynmaskers van vreugde moet dra nie — maar dat ons 'n vreugdevolle pad deur die lewe mag loop. Dat ons waardigheid mag behou. Die egte vreugde is immers te vind in sekerheid en vertroue. Daarom kan juis 'n geroepe Christen se vreugde sonder 'n wanklank wees, sonder gemaaktheid of ydelheid.

In die moderne tyd word dikwels aanhangers gevind van 'n teologie soos bv. die van Paul Tillich, wat beweer dat mens nader aan God kom, juis hoe verder mens van Hom af weg beweeg. Die God-is-dood-gedagte vind mens in plesierplekke, op die straat, in kafees, in parke. Ander verwante beskouings waarvan die een die ander se God-loosheid wil oortref, kan oral gevind word in ons tyd.

Laat ons dan ons vrygekoopte karakter bewaar, Laat ons trou bly. Sonder om outyds te wees — maar juis deur vernuut te word, juis deur te deel in die mees vernuwende onder die son: ,,sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.'' (Rom. 7:6).

# - Deur My Lens -

Daar is heelwat dinge in ons studentelewe wat na my mening voos is. Soms, meen ek, is dit nodig dat die dinge skerp by die naam genoem word. Trouens ek sien my taak o.a. om as gewete op te tree, om te slaan en op te voed deur die woord. Soos dit 'n goeie leermeester betaam deel ek my skrywe in drie hoofpunte in:

**PYNE EN KRAMPE**

(i) Organiseerders en tweedejaars wat nie hulle plek ken nie, het die onderskeiding om dit aan aan my te verskaf. 'n Organiseerder laat my dink aan 'n mal mier — altyd aan die hardloop.

(ii) Die groot filosowe in ons midde. Van halftwee tot twee uur in die middag maal hulle lustig soos 'n klomp beeste in 'n drukgang voor die S.R.-kantoor. Daar word dwaasheid waarheid — sotterny word verkondig aan almal wat wil luister. Die hele wêreld word daar gereël en georganiseer. Hulle gee my een yslike kramp;

(iii) Almal wat visioene en simpel vergesigte sien gee my 'n spesifieke pyn op 'n spesifieke plek — julle weet waar.

(iv) En die sogenoemde groot studenteleiers met die simpatieke glimlagte, die groot diplomate — hulle het werklik insig. Ontvang hiermee my gewaardeerde simpatie. Julle het soveel wysheid soos 'n klomp donkies rondom 'n drinkbak wat elke keer op 'n ander plek suip — van dieselfde water!

(v) S.R.-lede wat belangrik geword het — en daar is 'n paar;

(vi) Alle kwasi-filisowe, kwasi-skrywers et cetera!

**GRIEWE**

(i) Dat die massa of monstervergaderings beskaafd geword het. O ja, daar vind te min volkstoesprake plaas. Ek bedoel nou die regte bloed en bodemsoort;

(ii) Dat die kultuursaamtrek afgestel is;

(iii) Te min Pukke het stemreg. Demokrasie is op die kampus 'n skreiende mislukking — wat van 'n ander stelsel? Die S.R. verteenwoordig ongeveer 200 studente uit 'n totaal van 3,000. Elke Pukstudent behoort hieroor sy kop in skaamte te laat sak — ek hoop hulle het nog so iets;

(iv) Tot dusver dan my pyne, krampe en griewe. Ek het nog meer, gebrek aan ruimte en sekere mense se brose sieltjies weerhou my daarvan om verder hierop in te gaan.

**AANBEVELINGS**

(i) Stig 'n nuwe hoofliggaam A.V.B.O.B. (Algemene vereniging vir bedrywige organiserende boys). 'n Sekere ou is vanselfsprekend voorsitter;

(ii) Gebruik 'n deel van die wins uit die karnaval gemaak in die studentelewe;

(iii) Aan die owerhede: laat die professore van die verskillende universiteite mekaar se klasse vir rukke waarneem;

(iv) 'n Kommissie van ondersoek na stemregkwalifikasies op die Puk — dit laat veel te wense oor plus 'n kommissie wat die kwessie van kommissies ondersoek;

(v) 'n Kursus in skryfkuns vir sekere mense in studentegeledere wat as leiers optree;

(vi) Reël weer eens 'n Kultuursaamtrek vir volgende jaar op baie klein skaal, maar begin nou al met die reëlings! Na my mening moet dit 'n gesofistikeerde ding wees.

Liefdegroete,

REFLECTOR.

# KARNAVAL '68




## Briefskrywer het Pukke in slegte lig gestel

**Geagte Redakteur, — Veels geluk aan mnr. Ten Haaf met sy skitterende veralgemening van die Pukstudent in Die Wapad van 27 Maart. Hy het meer gedoen om ons in 'n slegte lig te stel in die buitewêreld as wat die sondebokke onder die P.U.-here tydens die oriëntering kon hoop om reg te kry.**

Weet die agbare skrywer dan nie van 'n monstervergadering waartydens die onderwerp oriëntering ter sprake gekom het nie? By hierdie geleentheid kon hy sy beskuldigings met die grootste plesier gemaak het. Terselfdertyd kon ons dit 'n interne aangeleentheid, wat dit in elk geval is, gehou het. Hy het egter verkies om sy oordrewe stellings in Die Wapad te maak en sodoende te verseker dat die redakteurs van ander studenteblaaie, ook die van universiteite wat ons nie goedgesind is nie, dit wel deeglik onder oë te kry. Ek glo hulle sal hom baie dankbaar wees daarvoor.

**VERTROEBEL**

Verder my hartlike gelukwense aan hom vir sy poging om die aangename onderlinge verhouding van studente van die onderskeie kerkgenootskappe te probeer vertroebel.

Hoe jammer tog dat seker die grootste deel van die onskuldige „kinders" nie vir die eerste keer hier met die danseuwel kennis gemaak het nie.

KOBUS BOOYENS.
Over de Voor.

## Waarom los mans nie dames se fietse uit?

Geagte Redakteur, —

Waarom kan die mansstudente nie die damesfietse met rus laat, uitlos en heeltemal laat staan nie?

In die kort tydjie wat ons op die Puk is, was dit nou al vier keer nodig om nie net pap wiele in die sweet des aanskyns op te pomp nie, maar om weer en weer nuwe kleppies aan te sit. Dit is die fietse wat in die fietsskuur VIR VEILIGHEID gebêre word.

**KATASTROFIES**

Dit is katastrofies as mens vyf minute voor 'n klas by die L.O.-departement of die konservatorium by 'n papwielfiets kom. Dan is die mans wat die bron van die frustrasie en ergenis is, baie ver en moet jy sien en kom klaar.

As sulke dinge met Intervarsity gebeur, wanneer die mans klaarblyklik alle beskaafdheid en selfbeheersing verloor, kan mens dit dalk nog aanvaar. Dit is egter absoluut skandalig dat volasse (?) mans sulke onsinnige dinge sonder enige aanleiding, behalwe hul eie ongebalanseerde lus vir „sports" kan aanvang.

(Mej.) R. COETZEE,
De Klerkhuis.

## Volkspelers sê baie dankie

Geagte Redakteur,—

Ek kan aan geen beter middel dink om 'n enkele woord van dank te spreek as om dit deur middel van u blad te doen nie.

**MEEGEHELP**

Die P.U. Volkspelelaer is baie dank verskuldig aan almal wat op een of ander wyse meegehelp het om van die Volkspelekursus wat gedurende die afgelope vakansie deur ons laer aangebied is, 'n sukses te maak. Ons dink aan almal wat gehelp het: vanaf die aanvanklike reëlingskomitee van die Kultuursaamtrek tot by hulle wat ter elfder ure moes rondspring toe dit geblyk het dat slegs die Volkspelekursus aangebied sal kan word. Vir die moeite wat u gedoen het is daar ten minste darem die vergoeding: die volkspelers het baie geleer, die kursus geniet en as meer ervare mense anderkant uitgekom.

Aan u almal dan — hartlik dank!

JOHAN SCHUTTE.

## SKRIK WAKKER MENSE, VRA LESER

**Geagte Redakteur, Dit is Karnaval! (vir die belangstellende Pukke) En wat gaan hier tussen ons studente, by name die eerstejaars aan? ABSOLUUT NIKS NIE . . . die meeste dink blykbaar dat daar net toeskouers benodig word. Afgesien van die eerstejaars is daar skynbaar heelwat slapendes onder die geledere van die seniors ook!**

Ek hoop regtig nie hulle besef dat daar sprake was van 'n karnaval as dit reeds verby is nie. Skrik wakker mense — dit help nie die karnavalkomitee gaan alleen „spasties" mal nie!

**PROEFNEMING**

As 'n mens na die reaksies kyk is dit duidelik dat die Pukmassa nog nie voorheen iets so groots as die karnaval beleef het nie. Ons hoop julle besef dat hierdie eintlik 'n proefneming is wat sal bepaal of daar in die toekoms weer karnaval gehou sal word!

Wil die Pukke nie net een keer uit daardie vasgevange sfeer waarin hulle leef uitklim nie . . . sodat die P.U. vir een keer aan die buitewêreld kan sê, „ons het karnaval gehou en dit was 'n sukses".

DIE SAINT

## Tydren tydens karnaval aangebied

**Op Vrydagoggend 26 April word daar, tydens die kanaval, 'n baie interessante tydren aangebied. Die doel van die tydren gaan om die vaardigheid van die bestuurder en nie om die spoed van die motor nie.**

Die tydren sal spesiaal aangebied word vir beginners en persone sonder spesiale toerusting. Die inskrywingsgeld kan eers op die betrokke oggend betaal word dus is daar nog tyd om die sakie te oorweeg.

**ROETE**

**Die roete sal sowat honderd myl beslaan en die gemiddelde ryspoed sal 35 m.p.u. wees met die hoogste snelheid op teerpad 50 m.p.u. en op die grondpad 45 m.p.u.**

Alles sal aan die bestuurders voorsien word en al wat hulle self moet verskaf is 'n pen, harde bord („clipboard"), 'n oorlosie met 'n sekonde wyser en natuurlik 'n motor. Daar sal nie meer as vier passasiers per motor toegelaat word nie.

**INSKRYWINGS**

Inligtingstukke is reeds versprei en inskrywings kan in die karnavalbussie by die studenteraadskantoor gegooi word. Die inskrywingsgeld is 50c per motor en is Vrydagoggend betaalbaar.

Deelnemers moet reeds om 7.30 voor die Totiussaal aanmeld. Dit sal nie 'n geval van roekelose gejaag wees nie, die manne gaan net lekker ry en nie hulle motors verniel nie.

## Diskriminasie teen non-slepers

Geagte Redakteur, —

Iets wat my lankal grief is hierdie „diskriminasie" tussen slependes en non-slependes ten opsigte van die toegangsgeld by Puk-konserte. Waarom moet 'n man of dame wat alleen na 'n konsert gaan meer betaal as diegene wat so bevoorreg is dat hulle daarheen kan sleep?

**BEVORDELIK**

Om te sê dit is bevordelik vir d' sleepaksies op die P.U. is twak — niemand sal beweeg word om te sleep omdat hy/sy dan minder toegangsgeld sal moet betaal nie. Die enigste uitwerking wat hierdie prysdifferensiasie meebring is dat al hoe minder persone wat nie sleep die konserte bywoon. Dit is tog verstaanbaar dat so 'n konsert vir 'n non-sleper van groot ontspanningswaarde is.

Dit is werklik onregverdig en ek is seker baie studente sal saamstem dat daar 'n prys per persoon vasgestel moet word en nie per paar en enkel persoon nie!

VEGTER VIR MENSEREGTE

# Ons Lesers Skryf

## Winde van verandering het P.U. getref

**Geagte Redakteur, — Die winde van verandering het helaas die P.U. ook getref. Die uitwerking van die winderigheid sal seker met verloop van tyd duidelik word.**

Vergelykings met dieselfde Puk van vyf jaar gelede kan verassende resultate oplewer. Destyds was motorkarre onder studente 'n veelbegeerde luukse; vandag 'n aanvaarde algemeenheid. Destyds was die dames nog deftig; vandag kan 'n gesonde man met moeite en met ander redes sy oë afhou van die dartelende minievas op ons kampus. Destyds was daar nog humoristiese massavergaderings; vandag het daar 'n monster oorgebly; monstervergadering.

**VOLKSLIED**

Destyds was die volkslied nog gesing; vandag word die tegniek ingespan om die volkslied uit die groewe van 'n plaat te krap oor die nuwe luidsprekerstelsel in die Totiussaal. Destyds is vlotte in die middernagtelike ure gebou weens klasbedrywighede in die dag; vandag word vir 'n volle dag die akademie diensbaar gemaak aan die ontwikkeling van die vlotboutegniek. Destyds was die drie-verdieping Over de Voor Puk se wolkekrabber; vandag word weer beton gestort aan 'n tweede nuwe hemelbesem langs Karlien.

**WAARHEEN?**

**Dat Puk in die teken van verandering staan, is ongetwyfeld. My vraag is net: waar gaan alles heen? Die Puk se gees word aan diepgaande ondersoeke blootgestel en op verassende wyse gediagnoseer. Die opvallende bly egter steeds: die skeiding tussen senior en junior, en die gemeganiseerde geesdrif: organisasie. 'n Eenheidskrag en spontaneiteit het in die grootwordproses verlore gegaan — dieselfde as by die mondigwording van die hele wêreld.**

Die hestel, nie van die sêkrag nie, maar van die gesag van die senior student; die sentralisering van die verenigingslewe om een bepaalde en algemene ideaal: die uitbouing van die Pukleuse „In u Lig" in 'n disintegrerende wêreldgemeenskap, en derdens die erkenning vvan die afhanklikheid van die eerstejaars sal baie goeie gevolg hê in die pogings tot verlossing uit hierdie dilemma.

D. WIJNBEEK.

## Mens sou nie sê karnaval is aan die kom

Geagte Redakteur, —

Wanneer 'n mens die sluimerende massa van die Puk dophou sal 'n mens nie besef dat daar 'n karnaval aan die kom is nie.

**WAKKERBLYMIDDELS**


Ons is jammer om te sê maar skynbaar verkeer almal in 'n staat van pasiwiteit. Wat sou die rede vir hierdie slap gees wees? Sou dit miskien die akademie wees? Die drumpels van die apteke is alreeds deurgetrap om wakkerblymiddels te koop wanneer daar geswot word. Net jammer dat daar nog nie soortgelyke middels uitgevind is om die gees by die Pukke aan te wakker.

Van gees gepraat — besef die massa nog ooit wat gees is? En besef hulle verder dat die sukses van die karnaval nie net van 'n paar belangstellendes afhang nie, maar wel van die massa se samewerking. Die sukses hang af van spontane gees, maar ongelukkig ontbreek hier die spontane gees en die gevolg; dit sal die eerste en laaste poging van so 'n aard wees!

MOAN en GROAN.




**Ry in die WAPAD**
met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
van
**PARK FIETSWINKEL**
Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
Onderdele — Herstelwerk




**MOOIRIVIER MOTORS**
(EDMS.) BPK.
Posbus 51, Potgieterstraat Telefoon 4338/9,
POTCHEFSTROOM.
Vir:-
★ MERCEDES-BENZ
★ TOYOPET
★ RENAULT DAUPHINE

# KUNSGESELSIE

Die periode van sistematiese ondersoek en van teoretiese rekonstruksie van argitektoniese oorblyfsels in Griekeland raak nou al aan die honderdtal. Die ryk opbrengs wat die Griekse geniale aanvoeling van plastiese kuns bereikbaar gemaak het tot opeenvolgende siklusse van skeppende kuns en estetiese beoordeling, is opgeteken in enige moontlike taal — in dokumente van argeoloë, argitekte ens. Franse, Duitse, Amerikaanse en Britse argeoloë het in Athene byeengekom en 'n mees ingewikkelde studie van die boumateriaal en boukuns gemaak, uit die oorblywende ruïnes.

As mens Griekse argitektuur van nader wil beskou kan 'n mens min of meer in ses dele werk en eerste in ag neem die basiese beginsels van Klassieke argitektuur en die natuur van die verhoudings van die spesifieke konstruksie daarvolgens bepaal. Daarna kan mens 'n Griekse dorpie se tipiese geboue in oënskou neem en in meer detail die Griekse huis. Die laaste maar heel belangrikste is die studie van veral die Doriese tempel en sy omgeleë gebied.

SOEPELHEID

Uit so 'n analise kan 'n mens sien dat daar 'n soepelheid en inherente gawe vir verdeling van spasie en estetiese verhoudings in die Griekse argitektuur is. Die bewegings en rigtings-aspekte is oorheersende terme in die spasie-verdeling wat ontstaan uit die kombinasie van stewige en veranderlike faktore. Visuele ondervinding is 'n funksie van hierdie kombinasie en kan dus nie as absolute maatstaf geneem word nie.

Op die oog af lyk Griekse boukuns perfek; die verhoudings van die verskillende lyne lyk perfek maar by nadere ondersoek blyk dit maar net die estetiese oog van die mens te weet wat die Grieke gebruik het en nie soseer wiskundige afmetings nie.

# Reklame op groot skaal vir „Hedda Gabler"

**Die Departement Spraakleer en Drama van die Potchefstroomse Universiteit onderneem tans 'n reuse-reklameveldtog vir die aanbieding van Henrik Ibsen se „Hedda Gabler".**

Die Departement het die sydoekdrukmetode vir plakkate ingestel, wat studente in staat stel om self die plakkate vir opvoerings te ontwerp en te druk. Hierdie metode is al jare lank in Europa bekend en die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste het dit sowat vier jaar gelede in Suid-Afrika begin toepas wat die proffesionele toneel betref.

Die Departement het proefondervindelik bevind dat 'n aantreklike reklameveldtog die publiek se belangstelling prikkel, en 'n opkoms na die teater verseker. Dit gebeur egter elke jaar dat plakkate van die bome afgeskeur en borde verwyder word; daarom sal plakkate vanjaar slegs in winkelvensters vertoon word.

HOOFONTWERPER

Benewens etlike honderde plakkate met kleurvolle ontwerpe, sal twee stelle strooibiljette met lynsketse van die spelers voor die opvoerings versprei word. Die ontwerpe is deur Abri le Roux, 'n Honneursstudent in Spraakleer en Drama, gedoen. Hy is ook as hoofontwerper in die Departement aangestel.

Die spelers is tans druk besig met die instudering van „Hedda Gabler" onder leiding van Bet Botha. Die decor is deur Bill Nixon van Pretoria ontwerp.

„Hedda Gabler" word vanaf 11 tot 16 Mei in die Totiussaal opgevoer en daar word gretig uitgesien na nog 'n aanbieding van die opvoedkundige teater aan die P.U. vir C.H.O.



# Geslaagde kursus in volkspele aangebied

**Sowat vyftig volkspelers het die Ope Kursus in Volksang en Volkspele wat gedurende die afgelope vakansie deur die Volkspelelaer op die kampus aangebied is, bygewoon.**

Die kursus, wat vanaf Maandag 8 tot Donderdag 11 April gehou is, is bygewoon deur vyf en wintig pare van die P.U., P.O.K., U.P., en U.O.V.S. Die kursusleiding is waargeneem deur neef Roelf de Beer, terwyl die begeleiding waargeneem is deur Hermine Killian.

LESINGS

Tydens die kursus, wat gemiddeld sowat nege uur per dag van die volkspelers se tyd in beslag geneem het, is lesings gehou deur prof. S. P. van der Walt, mnr. Nico van der Merwe, Roelf de Beer, en sy vrou Wilna.

Ten spyte van 'n besige program het die volkspelers nog tyd gevind om die opening van die uitstalling van Italiaanse beeldhouwerk by te woon, op 'n besigtigingstoer na die Triomfkunsmisfabriek te gaan, en om piekniek by die dam te maak.

AANGENAME GEES

Die organiseerders van die kursus het hulle tevredenheid uitgespreek met die aangename gees wat onder die kursusgangers geheers het.

**Die Drakensbergse Seunskoor, wat Vrydagaand in die Sentrale Eetsaal optree en Saterdagaand in die Totiussaal die program aanbied wat saamgestel is vir hulle beoogde oorsese toer.**

# BEROEMDE SEUNSKOOR BESOEK P.U.

**Die beroemde Drakensbergseunskoor sal Saterdagaand 27 April die tweede agtereenvolgende aand in die Totiussaal op die P.U. optree.**

Daar word wel die aand 'n arena-aanbieding op Olënpark aangebied maar vir diegene wat nie lus het om hulle aan die wind en weer bloot te stel nie, wag daar 'n skitterende program deur die unieke seunskoor.

AUSTRALIË

Die program vir die aand sal naamlik dieselfde program wees wat die Drakensbergseunskoor tydens hul komende toer deur Australië en Nieu-Seeland sal aanbied. Uit die aard van die saak sal dit dus werklik die moeite werd wees. Dit is reeds bekend dat sommige buitelandse musiek kritici meen dat die Drakensbergseunskoor baie goed met die Weense Seunskoor kan vergelyk.

HOË GEHALTE

Die doel van hierdie aanbieding is om die algemene publiek van Potchefstroom 'n aanbieding van besondere hoë gehalte te bied. Dit sal nie net 'n aanbieding wees vir die fyn musiekkenner nie maar ook vir die oningeligte en veral vir die kind van Suid-Afrika.



**Bet Botha, regisseuse van Hedda Gabler wat vanaf 11 tot 14 Mei in die Totiussaal aangebied word. Sy het 'n besondere benadering tot die regie; die sielkundige motivering, asook momente in Ibsen se lewe wat ooreenstem met tonele in die stuk, word nl. aan die spelers vooraf verduidelik om elkeen in staat te stel om sy of haar karakter te ken en aan te voel en so getrou moontlik te vertolk.**






*Gaan mal! Dis Karnaval!*


**PARADISE RESTAURANT**

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

Tomstraat 86 Tel. 5474

# RUGBY: Anti-klimaks na oorwinnings in Durban

**DIE P.U. se rugby het Saterdag 'n anti-klimak s beleef toe die eerstespan na 'n baie geslaagde toer in Natal met 18 punte teen 5 deur L ichtenburg geklop is. Die Pukke was aan die ongelukkige kant met twee beserings aan die b egin van die wedstryd.**

**Daar was egter ook 'n mate van lusteloosheid in die P.U. se spel. Teen 'n moontlike verslapping sal daar ook met sorg gewaak moet word met die oog op die Intervarsitie. Dan kan daar met optimisme uit gesien word na die ontmoeting met die Vrystaters, al voorspel die doemprofete ook wat.**

Die Paasnaweek het die P.U. se eerstespan twee wedstryde in Natal gespeel. Daar kan met trots terug gekyk word op hierdie kort toer. Die Pukke het daarin geslaag om Durban Universiteit sowel as Wanderers oortuigend te klop.

**ONVERMOEID**

Die P.U. het Durban Universiteit met 36 punte teen 12 en Wanderers met 44 punte teen 14 geklop. Hierdie mooi oorwinnings van hoofsaaklik toegeskryf word aan die onvermoeide aanvalle deur die Pukke. Die samespel was goed en Christo Holtzhausen het met taktiese spel telkens sy agterlyn op die aanval geplaas. Hierdie geleenthede is dan deur manne soos Dries du Plooy en Gerrit Botha ten beste benut.

In die lynstane het Piet Brand en André de Bruin hulle besonder goed van hul taak gekwyt. Ook in die skrums was die Pukke baas. Die gevolg was dat die span ook genoeg van die bal te sien gekry het om taktiese spel te lewer.

**GOEIE INDRUK**

Die Pukke het 'n besondere goeie indruk op die Natalse toeskouer gemaak en baie vriende gemaak. Hulle het onder andere 'n vrugbare geselsie gehad met mnr. Isak van Heerden, die Natalse afrigter.

Saterdag was 'n besonder suksesvolle dag vir die P.U. se tweede en o/23 spanne. Hulle slaag daarin om met die tweede en derdespan van Lichtenburg onderskeidelik met 39 punte teen 12 en 20 punte teen 0 af te reken.

# VIER TITELS VIR P.U. OP KAMPIOENSKAPPE

**Die P.U. se atlete het verlede naweek weer eens geskitter deur nie minder as vier titels te buit op vanjaar se S.A. Kampioenskappe wat in Johannesburg plaasgevind het.**

Willie van der Westhuizen, Bea Marais, Dawid Booysen en Willie Coetzee het elk 'n titel gebuit.

Willie van der Westhuizen het puik vertoon deur die 100 meter te buit in sy beste tyd ooit nl. 10.4 sek. In die proses het hy met atlete soos Sakkie van Zyl, Stan Wald en Petrus Minderon afgereken.

**WEGSPRING**

Oor laasgenoemde wedloop sal daar seker nog lank gegis word. Daar word beweer dat Willie met sy wegspring die skoot van die afsetter geklop het, maar nog die afsetter, nog die skeidsregterspaneel het enige beswaar teen Willie se wegspring gehad.

Willie het ook met 'n tyd van 21.7 sek. die tweede plek behaal in die 200 meter.

Bea Marais, die 19-jarige uitblinker vroueatleet het vir 'n eersterangse verassing gesorg toe sy die gunsteling van die W.P., Thea Kittshof, in die 800 meter geklop het in 2 min. 15.5 sek. Bea het 'n taktiese wedloop gehardloop deur die grootste gedeelte van die wedloop in die tweede posisie te hardloop en oor die laaste 60 tree verby haar teenstander te skiet om maklik te wen.

Dawid Booysen het ook sy eerste S.A. titel gebuit deur die gewigstoot te wen met 'n afstand van 58 vt. 2 dm. Dit is egter oor die drie voet kort van sy S.A. rekord. Dawid het ook die derde plek in die werpskyf verower met 158 vt. ½ dm.

**VIERDE TITEL**

Willie Coetzee het na 'n swak wegspring tog daarin geslaag om vir die vierde agtervolgende jaar die titel oor die 110 meter hekkies te wen. Sy tyd van 14.3 sek. is merkwaardig vir die stadige grasbaan.

Fanie van Zyl en Louis van Wijck kon weens beserings nie aan die kampioenskappe deelneem nie terwyl George Müldner gedurende die 5000 meter wedloop deur een van sy teenstanders raak getrap is en nie die wedloop kon voltooi nie.

## *Tafeltennis: Pukke buit twee titels*

In die pasafgelope interdistrikse tafeltennis-kampioenskappe van Wes-Transvaal wat vir die eerste keer gehou is het die Pukke albei titels gebuit.

In die enkelspelwedstryde het B. Schutte, P. van der Walt (wat eerste gekeur was) en L. Theron na die halfeindronte deurgedring. B. Schutte het I. Olckers 3—1 verslaan om na die eintrondte deur te dring en L. Theron het P. van der Walt 3—2 verslaan om ook na die finaal deur te dring. In die eindrondte het L. Theron vir B. Schutte 3—1 gewen om die kampioen te word.

**KWARTEINDRONDTE**

J. Scholtemeiyer en J. Roos het die kwarteindrondte gehaal waar hulle uitgeskakel is. C. van der Walt het die tweede rondte gehaal.

In die dubbelspelle het P. van der Walt en B. Schutte na die eindrondte deurgedring en daar 'n baie maklike oorwinning behaal om sodoende albei die titels na die Puk te bring.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.

# KAMPIOENE



WILLIE VAN DER WESTHUIZEN



BEA MARAIS

Foto: Fotokuns

# *NOG BLINK VERTONINGS DEUR PUKKE*

**Willie Coetzee, Dawid Booysen en Willie van der Westhuizen, drie van die Puk se S.A. kampioene, was die Puk se uitblinkers in 'n ope atletiekbotsing wat Vrydagaand op die Bill Swart-Ovaal plaasgevind het.**

Coetzee het puik vertoon deur die Olimpiese kwalifiserende tyd van 14.1 sek. in die 110 meter hekkies weer 'n keer te ewenaar.

Willie van der Westhuizen het albei die naelope gewen met tye van 10.6 sek. 21.3 sek. In albei die wedlope het sy broer, Johan, wat met 'n beseerde arm gehardloop het, die tweede plek ingeneem.

**GEWIGSTOOT**

Dawid Booysen het oudergewoonte die gewigstoot gewen met 'n afstand van 58 vt. 2 dm. en ook die tweede plek in die werpskyf behaal.

Ander goeie vertonings was die van Anna Venter in die Damesspiesgooi (121 vt. 0 dm.) en die van Bea Marais in die 400 meter (60.0 sek.).

# P.U. EN WITS WEN ELK 'N WEDSTRYD

**In die krieketintervarsitie tussen die P.U. en Wits aan die einde van verlede kwartaal, het die manne van Johannesburg die eerste wedstryd gewen. Die tweede wedstryd is egter deur die P.U. met 3 lopies gewen.**

In die eerste wedstryd het Frans Nel 48 lopies aangeteken van die P.U. se totaal van 144 lopies. Attie van Rensburg van Dorp wat vir die Pukke gespeel het, het ook 'n waardevolle 22 lopies aangeteken. Wits het verklaar met hul telling op 149 lopies vir die verlies van 5 paaltjies. Van die 149 lopies het John Cheetham 34 aangeteken. Cheetham is 'n oud-W.P. Nuffieldspeler. Attie van Rensburg het daarin geslaag om 3 paaltjies vir slegs 40 lopies te laat kantel.

**FRANS NEL**

In die tweede wedstryd het Frans Nel van die P.U. weer eens uitgeblink deur 24 lopies aan te teken sonder om sy waardevolle paaltjie te verloor. Elke span het in die wedstryd kans gekry om vir 'n uur te kolf.

Die Pukke slaag daarin om 120 lopies aan te teken vir die verlies van 5 paaltjies. Die manne van Wits kon in die uur tot hulle beskikking slegs 117 lopies aanteken vir die verlies van 7 paaltjies.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM